# En laat julle rokkies swaai…

**VOLKSRUST** - Leerlinge van Hoërskool Volksrust Danssentrum het op Dinsdag, 29 Julie, eksamen afgelê. Hierdie eksamen was slegs vir die ballet 'pre-grades' en 'grades.' Die leerlinge het hulle harte uitgedans en baie goeie punte behaal.

Anzel Alberts, graad 3, slaag met onderskeiding terwyl Zunne van Heerden, Nerissa van Heerden en Esme van der Merwe, al drie graad 1 met onderskeidings slaag. Die Tiny Tots 2 se eksamen word slegs as suksesvol of onsuksesvol gegradueer en almal was suksesvol. Jaydine Koekemoer, Mia Myburg, Naomi van der Schyf, Madri Engelbrecht, Megan Gallie, Jessica Hatting, Leanne Moll en Inke Oosthuizen het almal geslaag.

Na afloop van die eksamensessie het die eksaminatrise 'n werks-winkel aangebied vir die 'Intermediate Foundation' graad. Sune Reyneke het die werkswinkel bygewoon in Newcastle. Daar is baie op spiergebruik en spierbeheer gefokus. Sune het hierdie werkswinkel baie leersaam en motiverend gevind.

***JD***



*Inke, Jadine, Madri en Jessica na afloop van hul suksesvolle Tiny Tots 2 ballet eksamen.*



*Volkie dansers. Agter is Anzel Alberts en voor is Esme van der Merwe, Nerissa van Heerden en Zunne van Heerden. Hierdie dansers het hulle eksamen met onderskeiding geslaag.*

# Setperk skrik Lunette nie af



*Lunette Uys (regs) en Daniel Greyvenstein, albei leerlinge van Hoërskool Volksrust, het op Sondag, 27 Julie aan die Foundation Golf in Witrivier deelgeneem. Al twee meisies presteer baie goed en Lunette het die trofee in die C-afdeling verower.*

# Drie deur na SA's



*Ligbron Akademie vir Tegnologie se landloopatlete het bewys dat hulle vanjaar 'n krag is om mee rekening te hou, nadat drie van hul atlete gekwalifiseer het om eersdaags aan die Atletiek Suid-Afrika (ASA)-kampioenskap in George deel te neem. Van links na regs is Willie Botha, Wynand Coetzee en Juan Niebuhr. Al drie seuns is deel van die Mpumalanga-landloopspan van 2014.*

# Kalies kla nie – hulle voer rede!

*Ses van Laerskool Kalie de Haas se uitblinkredenaars het Maandag, 4 Augustus, aan die Radikale Redenaarskompetisie wat by Laerskool Standerton gehou is, deelgeneem en die beoordelaars behoorlik in vervoering gehad met hul vermoens. Agter, van links na regs, is Jana Human (85-persent), Dean du Preez (86-persent) en Riekie Wolmarans (88-persent). Voor is Leané Geustyn (88-persent), Akwande Radebe (84-persent) en Marli Wolmarans (90-persent). Na aanleiding van hul uitstekende uitslae, dring Marli en Leané deur na die Mpumalanga-finaal wat op 30 Augustus in Witbank gehou gaan word.*



**GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSMAGTIGING**
**(Omgewingsimpakevaluering en Aansoek om Afvalbestuurslisensie)**

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE HUIDIGE ASVERWYDERINGSFASILITEIT BY DIE TUTUKA KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**

**DO Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/3/52 en NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0001416/2012**

## BELANGRIKE KENNISGEWING
### HERSKEDULERING VAN PUBLIEKE VERGADERING

Ons kennisgewing gepubliseer op Dinsdag, 29 Julie 2014 en Woensdag, 30 Julie 2014, waarin belanghebbende en/of geaffekteerde partye ingelig was van die uitstel van die openbare vergadering, het verwysing. Neem asseblief kennis dat die openbare vergadering vir die voorgestelde uitbreiding van die huidige asverwyderingsfasiliteit by die Tutuka Kragstasie in die Mpumalanga Provinsie, is geherskeduleer en u word genooi om die openbare vergadering by te woon op:

| Datum | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Dinsdag, 02 September 2014 | 17:00 – 19:00 | Ulwazi Laerskool Saal, Thuthukani |

**KONSEP OMGEWINGSIMPAKVERSLAG BESKIKBAAR VIR PUBLIEKE INSAE**

Soos per die vorige kennisgewing wat geplaas is op Dinsdag, 15 Julie 2014 en Woensdag, 16 Julie 2014, 2008), word u kommentaar op die Konsep Omgewingsimpakverslag (KOIV) vir die voorgestelde uitbreiding van die huidige Asverwyderingsinstallasie vir Tutuka Kragstasie, naby Standerton, Mpumalangaprovinsie verwelkom. Die KOIV is beskikbaar by die ondergenoemde plekke (in druk), Lidwala Raadgewende Ingenieurs' webwerf (http://www.lidwala.com/eiar-tutuka) en op CD (op skriftelike versoek). Neem asseblief kennis dat die kommentaar peroide vir die KOIV verleng is met 18 dae. Die KOIV is beskikbaar gestel vanaf **Maandag, 21 Julie 2014** en die kommentaar periode eindig **Vrydag, 19 September 2014** (einde van besigheidsdag):

| Plek | Kantoorure | Straatadres | Kontaknommer |
|---|---|---|---|
| Standerton Openbare Biblioteek | 08:30 – 16:30 | H/v Beyers Naude en Mbonani Masiyelastraat | 017 712 9678 |
| Tutuka Kragstasie (Westelike Hoofhek – Sekuriteit Ontvangs) | 07:00 – 16:00 | Tussen Standeton en Bethal Pad (op die R 38 pad) | 017 749 9111 |

Rig asseblief u **skriftelike** navrae en kommentaar aan die Openbare Deelnamekonsultante hieronder:

**Nicolene Venter / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms.) Bpk.**
Posbus 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Faks: (086) 764 9282
E-pos: tutukaeia@lidwala.com

Lidwala Specialist Solutions

**INTEGRATED ENVIRONMENTAL AUTHORISATION**
**(Environmental Impact Assessment and Waste Management License Applications)**

**PROPOSED CONTINUOUS ASHING AT TUTUKA POWER STATION, MPUMALANGA PROVINCE**

**DEA Reference Number: 14/12/16/3/3/3/52 and NEAS Reference: DEA/EIA/0001416/2012**

## IMPORTANT NOTICE
### RESCHEDULING OF PUBLIC MEETING

Our notices published on Tuesday, 29 July 2014 and Wednesday, 30 July 2014 in which interested and/or affected parties (I&APs) were informed of the **postponement** of the **public meeting**, has reference. This notice is to inform that the **public meeting** for the proposed continuous ashing at Tutuka Power Station in the Mpumalanga Province, has been **rescheduled** and you are invited to attend the **public meeting** on:

| Date | Time | Venue |
|---|---|---|
| Tuesday 02 September 2014 | 17:00 – 19:00 | Ulwazi Primary School Hall, Thuthukani |

**DRAFT ENVIRONMENTAL IMPACT REPORT AVAILABLE FOR PUBLIC REVIEW**

As per the notifications published on Tuesday, 15 July 2014 and Wednesday, 16 July 2014, your comments on the Draft Environmental Impact Report (DEIR) for the proposed continuous ashing for Tutuka Power Station, near Standerton, Mpumalanga Province will be welcomed. The DEIR is available at the venues listed below (hard copy), Lidwala Consulting Engineer's website (http://www.lidwala.com/eiar-tutuka/) and CD (on written request). Please note that the review period for the DEIR has been extended by 18 days. The DEIR was made available from **Monday, 21 July 2014** and the extended comment period ends on **Friday, 19 September 2014** (end of business day):


| Venue | Working Hours | Street Address | Contact No. |
|---|---|---|---|
| Standerton Public Library | 08:30 – 16:30 | Cnr Beyers Naude and Mbonani Mayisela Streets, Standerton | 017 712 9678 |
| Tutuka Power Station (Main West Gate - Security Reception) | 07:00 – 16:00 | Between Standerton and Bethal Road (after R 38) | 017 749 9111 |

Please direct your enquiries or comments in writing to the Public Participation Consultants below:

**Nicolene Venter** or **Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Pty) Ltd**
P.O. Box 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Fax: (086) 764 9282
E-mail: tutukaeia@lidwala.com

Lidwala Specialist Solutions

Die geheim van die lewe is om die vlam van hoop brandend te hou, selfs al is dit by tye flou.



COSMOS NEWS
News suitable for all the readers, young and old

